


# Gedragskode vir besoekers en gassprekers

## Agtergrond

Die Hoërskool Strand is 'n waardegedrewe skool, wat beteken dat ons waardes die kompas is wat ons personeel, leerders en besoekers se optrede rig en bepaal. Gegrondves op dié waardestelsel, bou die skool sy bestaande kultuur, etos, heelskool benadering en ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid.

Hoërskool Strand se visie is om ‘n hoërskool vir die gemeenskap te wees waar, almal wat daar tuishoort, hul unieke menswees kan uitleef in ‘n omgewing van uitnemendheid. Ons missie behels die skepping van ‘n waardegebaseerde leerruimtes waar gebalanseerde groei en ontwikkeling vir leerders en personeel moontlik gemaak word tot bereiking van elk se volle potensiaal en effektiewe funksionering in die groter samelewing.

## Hoërskool Strand se waardes en gedrag wat die waardes onderlê.

**Respek** — **Die erkenning van elke individu se mensheid en menswaardigheid, in alle verhoudings.**

- Die manier waarop jy jou gedra teenoor ander, waar jy wys dat jy agting het vir ander se menswaardigheid en mening.
- Wedersydse respek word uit verhoudings onwikkel, waar ons die kwaliteit van ander erken en ontwikkel, en aan ander doen soos ons aan onsself gedoen wil hê.
- Toon self respek.
- Kommunikeer met sensitiwiteit vir ander se standpunte en oortuigings.
- Luister met ‘n opregte oortuiging om ander te hoor, sonder veroordeling.

**Integriteit** — **Onwrikbare kongruensie in woord en daad.**

- Wees standvastig in word en daad; doen die regte ding al kyk niemand nie.
- Handhaaf jouself; jou woord is jou eer en trots.
- Doen die regte ding, en tree op ‘n moreel-regverdigbare wyse op.
- Eerlikheid, in woord en daad, sonder verskuilde agendas en bybedoelings.

**Hardwerkendheid** — **Gefokusde, energieke en passievolle toewyding in die nastreef van doelwitte.**

- Om jou energie en passie doelgerig te kanaliseer om die ooreengekome doel te bereik.
- Loop die ekstra myl; doen meer as net jou verwagte plig.
- Doen altyd net jou beste.
- Bly toegewyd aan take wat aan jou opgedra is.

**Diensbaarheid** — **Die onvoorwaardelike opoffering van tyd en energie om ander te help**

- Wees onvoorwaardelik diensbaar, en stel jouself beskikbaar om te help waar jy kan
- Selfopoffering bo selfverryking.
- Stel jou tyd en energie beskikbaar met ‘n positiewe, blymoedige gesindheid.
- Ter wille van ander.

| | |
|---|---|
| **Verantwoordbaarheid** | **Onvoorwaardelike aanvaarding van die gevolge van woorde en dade**<br>• Aanvaar onvoorwaardelik aanspreeklikheid vir die gevolge van jou gedrag of keuses.<br>• Neem eienaarskap van jou eie dade.<br>• Toon gesonde pligsbesef en bly getrou daaraan. |

Bostaande waardes en gepaardgaande gedrag is vir ons as skool ononderhandelbaar. Indien u voel dat u nie uself, of u organisasie, kan vereenselwig met die gedrag nie, is u teenwoordigheid by die skool in gedrang. Hoërskool Strand het 'n verantwoordelikheid teenoor ons leerders en ouergemeenskap om 'n skoolomgewing te skep waar inklusiwiteit (*ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit*) en veiligheid (*geestelik, emosioneel en fisies*) geskep en in stand gehou word. Leerders moet binne dié omgewing groei tot selfstandige volwassenes wat die uitdagings van die wêreld met selfvertroue en onderskeidingsvermoë kan aanpak.

Ek, ............................................................................ neem kennis van die visie, missie, waardes en ondersteunende gedrag wat Hoërskool Strand daarstel as die norm vir optrede by die skool. Ek onderneem om in my handel en wandel so op te tree dat my gedrag nie die visie, missie en waardes van die skool ondermyn nie. Indien ek / organisasie die vereistes, soos hierbo gestel, nie nakom nie neem ek kennis dat Hoërskool Strand homself die reg voorbehou om verdere stappe te neem ten einde die skool se goeie naam en reputasie in ere te herstel.

## Onderteken deur besoeker / gasspreker

Onderteken deur myself, ............................................................................ (Gasspreker / besoeker)

op hierdie ..............e dag van ............... 20.......

......................................................
Handtekening

## Onderteken deur skool verteenwoordiger

Onderteken deur myself, ................................................................................ (Skoolhoof / Adjunk hoof) op hierdie ..............e dag van ............... 20.......

......................................................
Handtekening